



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2021**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 80**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

---

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE / WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE / DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.
- **Of soortgelyk aan bogenoemde** beteken 'n sinoniem van die voorgestelde antwoord op die nasienriglyn.

**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

VR	ANTWOORD	PUNT
1.1	Die mense naby aan ons/ons gesin/vriende/familie.	(1)
1.2	Almal is (permanent) met elektroniese aparate besig./ Tegnologie het 'n invloed op ons verhoudings.	(1)
1.3	Die beklemtoon hoeveel vriende 'n mens aanlyn kan hê.	(1)
1.4	Almal weet van/gebruik WhatsApp en Facebook.	(1)
1.5	Die Y-generasie is mense wat tussen 1976 en 2010 gebore is.	(1)
1.6	Beide groepe het iets nodig om wakker te word.	(1)
1.7	Dit onderbreek jou slaap./ Tas jou slaappatroon aan./ Jy voel verplig om deur die nag met vriende kontak te maak.	(1)

1.8	1.8.1	<i>Ja/nee</i>	
	1.8.2	Ja, anders sal haar vriendin voel sy gee nie om nie. Nee, ander mense moet jou persoonlike tyd respekteer. ( <i>Of soortgelyke antwoord binne konteks van die teks</i> )	(1)
1.9		verslaaf daaraan raak	(1)
1.10		Hulle het nie mense nodig nie/hulle leef in 'n vakuum./Hulle raak individualisties./Virtuele kommunikasie of sosiale media het veroorsaak dat mense nie meer verantwoordelikheid neem vir dit wat hulle doen nie.	(1)
1.11		Virtuele boelie/versprei pornografie/versprei onwaarhede/versprei vals nuus/stuur persoonlike pos en of foto's aan sonder toestemming/koppel 'n ander persoon se naam aan iets negatiefs/om foto's te dokter/mense afdank/met jou ou of meisie opbreek/mense uit te daag om dinge teen hulle wil te doen. ( <i>Of soortgelyk</i> )	(2)
1.12		C – Kinders se spelvermoë verbeter.	(1)
1.13		Jy leer op jou voete dink./Jy moet voor of met mense kommunikeer./Jy leer om in die openbaar te kommunikeer./Jy leer om te sê wat jy dink.	(1)
1.14		Jy kan nie liggaamstaal lees nie./Jy kan nie verskillende stemtone hoor nie./Jy kan nie gesigsuitdrukkings lees nie.	(2)
1.15		Voordeel: almal weet wat om hulle aangaan. Nadeel: daar is baie nuus wat onwaar of verkeerd is (en nie almal bevraagteken wat hulle lees nie).	(2)
1.16		Die skrywer wil weet of dit nou normaal is om antisosiaal te wees./Bevraagteken die antisosiale gedrag van mense.	(1)
1.17		Die prentjie wys vir ons hoe families elektroniese media gebruik en nie met mekaar kommunikeer nie en dit is waarom die teks handel. ( <i>Beide kante moet gestel word om die punte te verdien.</i> )	(2)
1.18	1.18.1	C – Mense skep 'n verbeeldingswêreld.	(1)
	1.18.2	A – Mense raak afhanklik van tegnologie.	(1)
	1.18.3	D – Slaappatroon word versteur.	(1)

**TEKS B**

1.19	WhatsApp	(1)
1.20	3,7 miljoen	(1)
1.21	Die deel fokus op aankope van items./Geld op items spandeer.	(1)
1.22	Tinder	(1)
1.23	670	(1)
1.24	Daar was grendeltyd (nie 'lockdown' nie)/mense was verveeld by die huis/dit is al/een van die dinge wat die mense kon doen. (Of soortgelyk)	(1)
	<b>TOTAAL AFDELING A:</b>	<b>30</b>

**AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)****VRAAG 2****ALGEMEEN**

- Kandidate moet volsinne skryf. Indien 'n werkwoord kort, is dit nie meer 'n volsin nie.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
  - Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE 'n PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!**

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE-DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

- 1–3 feite korrek – 1 punt
- 4–5 feite korrek – 2 punte
- 6–7 feite korrek – 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

- 6–7 aanhalings – geen punte vir taal
- 1–5 aanhalings – 1 punt vir taal

**LET WEL:**

**Woordtelling:** Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.

**Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**

Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.

- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

## TEKS C

**LET WEL:** Kandidate moet sewe wenke gee oor **wat 'n mens tydens grendeltyd kan doen wat jou kan help om te oorleef.**

DIREKTE AANHALING	EIE WOORDE
<p><b>Maak tyd om oor grendeltyd (lockdown) te gesels. ... Dit help altyd om oor dinge wat jou pla te gesels.</b></p> <p><b>Wanneer jy met iemand gesels, moet jy eerlik wees</b> oor jou emosies.</p> <p><b>Dit is 'n goeie idee om hulpmiddels soos byvoorbeeld foto's of emoji's te gebruik om mee te gesels.</b></p> <p><b>Kleiner kinders kan emosies teken of hulle kan selfs saam as 'n gesin prentjies oor negatiewe of positiewe emosies uitsny en miskien 'n collage maak.</b></p> <p><b>Tieners kan dalk musiek gebruik</b> om hulle emosies te beskryf <b>of ook om grappies</b> daaroor <b>te deel</b> wat hulle grendel-ervaring goed opsom.</p> <p><b>Soms moet 'n mens ook vir jousef kan lag om beter te voel.</b></p> <p>Wanneer ons goed deel, help dit ons om ons emosies te verwerk; <b>daarom moet ons tyd maak vir ander mense.</b></p> <p><b>Dit is daarom belangrik om gesinstyd te maak en daar vir mekaar te wees.</b></p>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Jy moet tyd maak om oor grendeltyd te <b>praat / Praat</b> oor dinge wat jou pla. (Praat of gesels is die kern)</li> <li>2. Jy moet <b>eerlik</b> wees wanneer jy praat.</li> <li>3. Gebruik <b>hulpmiddels</b> (as jy skaam is).</li> <li>4. Kleiner kinders kan prentjies teken of 'n collage maak.</li> <li>5. Tieners kan musiek gebruik of grappies maak.</li> <li>6. 'n Mens moet vir jousef kan lag</li> <li>7. Maak (genoeg) tyd vir mekaar.</li> <li>8. Maak gesinstyd/wees daar vir mekaar.</li> </ol> <p style="text-align: right;">(54 woorde)</p>

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## NASIENRIGLYNE

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien.**
- Indien een woord gevra word, bv. die korrekte vorm van die woord tussen hakies, mag die kandidaat die hele sin uitskryf soos dit op die vraestel gegee word. Dis slegs by Leesbegrip en Vraestel 2 waar die kandidaat gepeenaliseer word indien die korrekte woord nie uitgelig of onderstreep word nie. Waar daar in Vraestel 1 spesifiek gevra word vir *een woord vir ...*, geld hierdie toewing nie.
- **Spelfoute word gepeenaliseer waar taalstrukture gevra word.**
  - Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
  - Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Waar afkortings getoets word, moet die puntuasie en die gebruik van klein- en hoofletters ook korrek wees om 'n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeusevrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- **LET WEL:** Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **LET WEL:** Waar taalstrukture getoets word, word spelling gepeenaliseer.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

## VRAAG 3

## TEKS D: ADVERTENSIE

VR	ANTWOORD	PUNT
3.1	gemoedsrus	(1)
3.2	beste	(1)
3.3	Jy moet my bel.(.)(!)	(1)
3.4	manipuleer	(1)
3.5	klante wat voertuie wil verkoop	(1)
3.6	Beste verkoper 2020	(1)
3.7	motor	(1)
3.8	Beste (goed) prys/betaal kontant vir jou voertuig/beste verkoper 2020/hulle kom sien jou by jou huis.	(1)
3.9	Dit maak die advertensie persoonlik.	(1)
3.10	wêreldbekende/alombekende/doodbekende/wydbekende	(1)
		<b>[10]</b>

## VRAAG 4

## TEKS E: STROKIESPRENT

VR	ANTWOORD	PUNT
4.1	Sy mond is (wyd)oop/die zzzzz-teken (nie <i>hy lê nie</i> , dit vorm deel van die vraag)	(1)
4.2	huis	(1)
4.3	met wie	(1)
4.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die pa sê hy leer ook nou uit tuisonderrig. /</li> <li>• Die pa sê dat hy ook nou uit tuisonderrig leer.</li> </ul>	(1)
4.5	oorfone	(1)
4.6	Dit beklemtoon/wys dat die probleem nie by die onderwysers lê nie/ dat almal gedink het dat onderwysers die probleem was.	(1)
4.7	Hy fluister/praat agter sy hand./Praat in die vrou se oor.	(1)
4.8	by	(1)
4.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die meisie luister musiek terwyl sy sit en haar naels verf. /</li> <li>• Terwyl die meisie musiek luister, sit sy haar naels en verf. /</li> <li>• Die meisie sit haar naels en verf terwyl sy musiek luister. /</li> <li>• Terwyl die meisie haar naels sit en verf, luister sy musiek.</li> </ul>	(1)
4.10	soggens	(1)
		<b>[10]</b>



**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT****TEKS F: ARTIKEL**

VR	ANTWOORD	PUNT
5.1	skilpadjie	(1)
5.2	Hy het elke dag gekyk hoe die ander diere hardloop. Hy het elke dag gekyk hoe die ander diere gehardloop het.	(1)
5.3	Blitsvinnig/vinnig	(1)
5.4	Voorbeelde van homonieme: Dop vir 'n pen/dop: veral sterk drank/les in jou dop (kop) kry/Dop (druip) 'n graad	(1)
5.5	<b>Toe</b> hy uit sy dop (ge)kruip (het), was hy baie gelukkig.	(1)
5.6	Daar is 'n vlieg in die salf.	(1)
5.7	boompie	(1)
5.8	daarin	(1)
5.9	(Skilpad wag lank tot die voël wegvlieg) om uit die gat te kom.	(1)
5.10	bewende	(1)
5.11	(Hy soek) gou-gou sy dop by die klip (en kruip terug).	(1)
5.12	Sjoe/Wow/Dankie vader (Of soortgelyk binne konteks)	(1)
5.13	Hul(le)	(1)
5.14	skaam te wees	(1)
<b>TEKS G: PRENT</b>		
5.15	Die hond word elke dag deur Jannie gejaag. Die hond word elke dag gejaag deur Jannie.	(1)
5.16	Skot + tel + goed	(1)
5.17	Kuiermense/kuiergaste/gaste/besoekers	(1)
5.18	speelgoed	(1)
5.19	Die man lê op die bank, want hy is moeg.	(1)
5.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Het jy die skottelgoed nog nie gewas nie?/</li> <li>• Het jy nog nie die skottelgoed gewas nie?</li> </ul>	(1)
	•	<b>[20]</b>
<b>TOTAAL AFDELING C:</b>		<b>40</b>
<b>GROOTTOTAAL:</b>		<b>80</b>